

7 April

Matteus 27:45-46

(Teks: 27: 51-54)

Lewe-met-God oopgestorf!

Drie dinge wat met die sondeval deeglik en droewig toegegaan en toegeslaan het, skeur en bars en breek genadiglik weer oop toe Jesus Christus op Goeie Vrydag sterf.

Die skeiding skeur oop! Die eerste gevolg van sy kruisdood is dat die swaar gordyn of skeiding in die tempel van bo na onder oopskeur. Eeue lank het hierdie voorhangsel vóór gehang, die direkte gemeenskap met God in die allerheiligste agtergehou, uitgesluit. Dit was slegs die hoëpriester wat op die Groot Versoendag (Lev. 16) agter die skeiding ingegaan het. Dit het daaraan herinner dat die poort na die ware lewe gesluit was. Hierdie skeiding skeur oop toe dié Hoëpriester sterf op die Groot Versoendag van Golgota. Ons verkry deur Hom weer vrye toegang tot God (Hebr. 10:19,20)!

Die aarde bars oop! Met die sondeval het die mens nie net sy God verloor nie - hy het ook die lewe kwytgeraak.

Hy bly oor met 'n leef-om-te-sterf-lewe. Alle lewe loop op en in die graf uit (vergelyk byvoorbeeld Ps. 49 en 89). Maar as Jesus Christus sterf, dan beef en bars en breek granietharde rotse en die aarde kan nie heel bly nie. Met knal en kraak moet die aarde sy dooies teruggee. Dit beteken: Die dood is nie meer die afsny van die lewe nie, maar 'n deurgang, poort na die lewe!

Die hart breek oop! Toe Jesus sterf, kom 'n hoofman oor honderd en sy onderdane tot die belydenis: "Waarlik, hierdie man was werklik die Seun van God." Honderd en een verharde heidenharte breek oop. En dit is "...in sy krag nie minder of geringer as die opwekking van die dooies nie..." (Dordtse Leerreëls 3/4:12).

Herdenk Goeie Vrydag dan dankbaar as die dag toe Jesus Christus LEWE-MET-GOD OOP - GESTERF het!

Sing Skrifberyming 30:1,4, 5,6

Ds. J.P. Bingle (Middelburg)